

Christus-in-jou-leefstyl: 'n Fondasie vir Transformasie

Gesonde Leefstyl | Karaktereenskappe van God - GEBED

Ons het verlede week afgesluit deur te vra dat jy bietjie moet gaan nadink oor hoe *een* wees met God jou verstaan van gebed verander. Bespreek dit in die groep.

*"Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees. "Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. Ek bid dat hulle almal **een** mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook **in Ons** mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle **een** kan wees **net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My**, sodat **hulle volkome een** kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet." JOHANNES 17:18-23 AFR83*

In hierdie gedeelte sê Jesus net soos Hy gestuur is, stuur Hy ons. Hy bid ook vir die wat ons moet bereik sodat hulle deur ons woorde tot geloof in Hom sal kom. Dan word die eenwording verskeie kere genoem en beklemtoon.

1 KORINTIËRS 6:17, 19-20 AFR83 verwys.

17 "Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom."

19 Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."

Wanneer ek dus bid praat ek met God (Heilige Gees) binne in my. Hy is een met my. Hy is my lewe.


Gal 2:20 "...en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."

Wat verstaan jy hiervan?

Ek stel my nie gelyk met God nie. Hy is heilig en is vêr verhewe bo my, maar Hy, deur Sy Heilige Gees, woon in my. Wat 'n wonderlike gedagte, wat 'n groot verantwoordelikheid!

Die besef dat ek geestelik een is met Hom verander my gebedslewe totaal. Alhoewel ek Hom altyd met eer en gesag aanspreek, weet ek Hy is altyd met my en as ek net die eie-ek kan terugskuif en my eie gedagtes kan stil kry, sal ek Hom duidelik hoor.

Abba Vader, neem asseblief my lewe ten volle oor! Vernuwe my denke sodat ek die volle impak van een met U kan verstaan, dat ek met volle oorgawe kan leef en uitgaan om van U te getuig in die krag van U Heilige Gees.



Skrif vir verdere studie:

"Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word," EFESIËRS 3:16 AFR83

"Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees." JUDAS 1:20 AFR83

"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie." ROMEINE 8:26 AFR83

Geseënde week.

Frik Janse van Rensburg

VERJAARDAE:

September

23 Willem Mostert

24 Gert Marritz

25 Fred van Zyl

26 Pietie Julies, Jan Carel Kritzinger, Aubrey Ras

27 Theuns Matthee, Heinrich Zetskorn, Gerhard van Rhyn, Hennie Vorster

28 Michael Groch

29 Wynand Smal, Willie Smit

BID asb vir die volgende op ons CBMC Kalender:

- CBMC **Uitreik**, Table View en Moyo, 4 Oktober 2019
- CBMC **Afrika-konferensie**, Kenya 17-19 Oktober
- CBMC Wortelgat **Leiersnaweek**, 18-20 Oktober
- CBMC Boland **Gholfdag**, 14 November 2019

KALENDER:

- CBMC Uitreik, Table View en Moyo, 4 Oktober 2019
- **Global Leadership Summit 2019** <https://willowcreeksa.co.za/gls2019/> (4 Oktober - 9 November)
(New Gen, Somerset Wes-kaartjies beskikbaar by Piet Swart 082 962 8926 (piet@groen96.co.za))
- CBMC **Afrika-konferensie**, Kenya 17-19 Oktober (<http://www.cbmc africa.com>) *One-Pager* ook ingesluit.
- CBMC Wortelgat Leiersnaweek, 18-20 Oktober
- CBMC Boland **Gholfdag**, 14 November 2019, Wellington Gholffklub

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410

